# Aan einde van 2017 wil HEY! sê BAIE DANKIE..


SOMERSET-WES PRIMER

♥ **DANKIE:** ‘ n Kort briefie om my dank te betuig aan HEY! se getroue vrywilligers, donateurs, gebedsvriende en gesinslede aan die einde van 2017. Julle het elkeen gehelp om die dag tot dag “HEY! masjien” aan die gang te hou. jy het ‘n groot aandeel gehad in die groei en voortbestaan van HEY! se kinderbediening en ons wil jou opreg bedank daarvoor.

♥ **GROEI:** Ons kan getuig dat die woorde van **REINHARD BONNKE** vir ons waar was “**Don’t plan with what is in your pocket; plan with what is in God’s pocket.”** want God het bonatuurlik mense gestuur , hulle gewillig en bekwaam gemaak en deure geopen op Sy unieke manier.


AANHOU WEN

Daar was sowat **4000 kinders in die Wes-Kaap bedien met Bybel klasse** wat deur HEY! fasiliteerd-ers gedoen word. Daar was **99 klasse in totaal.** HEY! het ook die voorreg gehad om **saalope-ninge** by **Temperance Town en Hendrik Louw** te gedoen het waar nog sowat **2000 kinders** bereik was met die Woord van God. Vir elke klas was daar ‘n persoon wie vrywilliglik hul liefde, tyd en entoesiasme kom deel het met kinders by die verskeie skole, plase en instansies. Sonder hulle sal daar geen HEY! bediening kan wees nie! Die gemeenskap been, HEY! HELP!, het van die grond gekom waaroor ons opgewonde is en ons glo hier gaan nog groot dinge gebeur in 2018!

♥ **LIG**: HEY! se visie is **“BE A LIGHT IN THE DARK WORLD FOR JESUS”** en ons glo dat ons Jesus se lig kon skyn. Lig verdryf duisternis...mag vele kinders Jesus se lig en lewe deur Hom ervaar en soos ‘n rippel effek lig uitstraal oral waar hulle gaan. Matteus 5:16


Danie Ackermann

♥ **LIEFDE:** By ons afsluiting/opleiding het ons na die lied **For the One** deur **Brian en Jen Johnson** geluister https://www.youtube.com/watch?v=e_bj6mjUj7k en hier is refrein:

**“Help me to love with open arms, like You do**
**A love that erases all the lines, and sees the truth**
**Oh that when they look in my eyes, they would see You**
**Even in just a smile; they would feel the Father's love”**

...dit som vir my die gesindheid en hart op van elkeen wie deel van die HEY!bediening is-BAIE BAIE DANKIE!! Luister gerus na die lied. My gebed is dat mense Jesus in ons sal kan sien.

volgens **Fil 2:5 “Dieselfde gesind-heid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was”**


HOPE & LIGHT


BEAUMONT Uitreik



HENDRIK LOUW